LERAAR - NG GEMEENTE AANDBLOEM, BLOEMFONTEIN

Die NG Gemeente Aandbloem is gesetel binne die Ring van Bloemheuwel met 605 lidmate. Die oorgrote meerderheid van die lidmate is **ouer as sewentig jaar en die gemiddelde ouderdom is rondom 80 jaar**. Die gemeente is aktief oor 'n groot spektrum van bedieninge waarby die lidmate ten volle betrokke is.

Die Gemeente het 'n vakature wat hulle graag met ingang Februarie 2018 wil vul. Die suksesvolle kandidaat moet **verkieslik 'n geëmeriteerde leraar wees**, **bokant die ouderdom van sestig jaar en onder sewentig jaar**. Die suksesvolle aansoeker sal vir die volgende pligte verantwoordelik wees:

- Prediking tydens 'n oggenddiens ten minste een keer elke drie weke.
- Week van Gebed elke derde jaar.
- Pinksterreeks elke derde jaar.
- Biduur en Bybelstudie elke tweede week.
- Nagmaal een of twee keer per jaar.
- Huwelike, doopbediening en aflegging van belydenis van geloof by hoogste uitsondering.
- Tree op by funksies en ander geleenthede soos nodig.
- Huisbesoek: Ongeveer 205 besoekpunte in die wyke, eenkeer per jaar en 70 besoekpunte in die verswakte afdeling van Ons Tuiste, vier keer per jaar. Dit is ongeveer 485 huisbesoeke per jaar. Nuwe intrekkers word so gou as moontlik besoek.
- Sterwensbegeleiding, siekebesoeke, begrafnisse soos nodig. Daar is gemiddeld drie tot vier begrafnisse per maand.
- Ook betrokke as lid by een van die gemeente se getuienis- of barmhartigheidskommissies, soos ooreengekom by die broederkring. Lid van broederkring (drie leraars van die gemeente), bestuursraad, kerkraad en ander ad hoc-kommissies van tyd tot tyd.
- Geen verantwoordelikheid vir administratiewe take nie, behalwe rekordhouding van besoekwerk met die oog op verslagdoening aan die Kerkraad. Die huisbesoek en gemeentelike aktiwieite vind grotendeels in die dag plaas.

Daar word van die suksesvolle kandidaat verwag om verpligtinge teenoor die Ring en Sinode en ander nie-gemeentelike organisasies, tot die minimum te beperk, sodat die dienswerk in die Gemeente sy hoogste prioriteit sal geniet. Hy moet ook geen ander werks- of studieverpligtinge hê nie.

Die Kerkraad bied 'n bruto besoldigingspakket van R150 000 per jaar aan, sonder enige behuisingsvoordele, of ander byvoordele. Die leraar kan die bedrag struktureer soos hy dit die beste ag. Hy is geregtig op 42 dae verlof per jaar, drie dae menslikheidsverlof, sowel as drie dae vir selfontwikkeling. Hy het een afnaweek per maand vanaf Donderdag tot Maandag.

Die **aanstelling word van jaar tot jaar hernu** volgens die diskresie van die Kerkraad. 'n Wedersydse kennisgewingperiode vir diensbeëindiging van 30 dae geld.

Skriftelike aansoeke met 'n kort CV en ten minste twee getuigskrifte, asook ‘n mediese sertifikaa, moet asseblief **vóór die die 16de Desember 2017 ingedien word** by die Gemeentebestuurder:

Mev Ronelle Brümmer (Ma-Vr 08h00-12h00)
Adres: Van Heerdenweg 22, Bloemfontein
E-pos: aandbloem@engo.co.za
Faks: (051) 407 7619
Tel: (051) 407 7631